

Plagiaatvoorkomingsbeleid

Dokumenttipe: *Beleid*

Dokumentnommer: *S 4726/09*

1. Doel

Die doel van hierdie beleid is om 'n raamwerk (bestaande uit 'n beleid en riglyndokumente) daar te stel vir die ontmoediging, identifisering en hantering van plagiaat op 'n konsekwente wyse in al die fakulteite van die Universiteit van Pretoria.

Weens die algemene beskikbaarheid van navorsingshulpbronne, veral elektroniese hulpbronne, word 'n aansienlike toename in die aantal gevalle van plagiaat in die hoëronderwysstelsel ervaar. Dit kan deels toegeskryf word aan die gebrek aan behoorlike onderrig in verwysingstegnieke op sekondêre skoolvlak. Die uitkomsgebaseerde kurrikulum vereis van leerders om groot hoeveelhede inligting baas te raak, maar min aandag word geskenk aan die korrekte verwysing na sodanige hulpbronne. Dit het tot gevolg dat leerders nie besef hoe ernstig dit is om iemand anders se werk as hul eie toe te eien nie.

Plagiaat is wêreldwyd 'n groot probleem vir akademiese instellings aangesien baie studente en/of navorsers nie besef dat dit 'n ernstige vorm van akademiese wangedrag is wat kan lei tot skorsing uit 'n instelling soos 'n universiteit, asook tot siviele eise en selfs kriminele aanklagte nie.

2. Organisasoriese omvang

Die plagiaatvoorkomingsbeleid en riglyndokumente is op al die lede van die Universiteitsgemeenskap van toepassing. Alhoewel hierdie beleid ook navorsing deur personeel dek, val die klem hoofsaaklik op onderrig en die evaluering van studente se kennis (dws ontmoediging en beoordeling deur informatiewe, opvoedkundige en voorkomende meganismes), asook op die identifisering van plagiaat en die hantering van oortreders (dws polisiëring).

3. Beleidstelling

3.1 Doel

Om die Universiteit se akademiese integriteit te verseker, moet studente ontmoedig word om op onregverdige wyse 'n akademiese voorsprong te verwerf. In hierdie opsig poog hierdie beleid en gepaardgaande riglyndokumente om 'n raamwerk te bied wat (a) sal verseker dat studente bewus is van die noodsaak om plagiaat te vermy, en (b) voorsiening sal maak vir regverdige en konsekwente administratiewe prosesse in al die fakulteite in gevalle waar plagiaat geïdentifiseer word.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie beleid sluit die volgende in:

3.1.1 'n breë definisie van plagiaat

3.1.2 'n uiteensetting van informatiewe, opvoedkundige en voorkomende meganismes wat by die Universiteit in plek is om plagiaat te voorkom, byvoorbeeld –

- die Inligtinggeletterdheidskursus, CIL 121, wat 'n verpligte module in die tweede semester vir alle eerstejaarstudente aan die Universiteit is
- navorsingsmetodologie-kursusse vir senior studente
- waarskuwings om plagiaat te vermy in studiegidse en flitsboodskappe wat verskyn sodra 'n student op die Universiteitstelsel aanteken
- waarskuwings in elke werkstukinligtingsblad om plagiaat te vermy
- die Verklaring van Oorspronklikheid wat elke werkstuk moet vergesel
- bewusmakingsveldtogte
- Biblioteekdienste se weeklikse kursusse oor die onderwerp (waar studente die nodige vaardighede van akademiese skryfkuns, aanhaling en verwysing geleer word) ('n Bywoningsregister sal gehou word.)
- Biblioteekdienste se webblad wat 'n aanlyn-tutoriaal en selftoets oor die onderwerp bied
- plagiaatopsporingsagteware (Turnitin)

3.1.3 'n regverdige, deursigtige en konsekwente stelsel waarvolgens alle gevalle van plagiaat beoordeel kan word (die Plagiaatstrafskaal)

3.1.4 'n stelsel om rekord te hou van alle gevalle met die gepaardgaande aksies wat ingestel is (die Plagiaatregister)

3.1.5 'n prioriteitskursus vir personeel oor die identifisering van plagiaat

3.2 Personeel

Hierdie beleid vereis dat akademiese personeel leiding aan studente gee oor hoe om

- plagiaat te vermy; en
- korrek na bronne te verwys.

Die beleid vereis ook dat akademiese personeel plagiaatinsidente nie oogluikend sal toelaat nie, maar seker sal maak dat studente op 'n gepaste en regverdige wyse gestraf word.

(Verdere riglyne vir dosente oor die rol wat hulle kan speel in die voorkoming van plagiaat is beskikbaar in die aangehegte RIGLYNDOKUMENTE.)



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.3 Studente

Hierdie beleid vereis dat studente met integriteit optree en verantwoordelikheid aanvaar vir die vervaardiging en aanbieding van akademiese werk. Leiding oor erkende verwysingstegnieke kan by dosente, die Biblioteekdienste se personeel en op die Biblioteekdienste se webblad verkry word.

Dit is belangrik om kennis te neem van die volgende:

- (a) Ongeag of die plagiaat opsetlik gepleeg is al dan nie, bly dit steeds plagiaat.
- (b) Plagiaat is 'n vorm van wangedrag waarvoor 'n student dissiplinêr vervolgt kan word ingevolge die Universiteit se dissiplinêre kode (wanneer 'n werkstuk ingedien word vir assessering, is plagiaat gelykstaande daaraan om in die eksamen te kul).
- (c) Plagiaat verwys ook nie slegs na die woordelike aanbieding van 'n spesifieke aantal woorde nie, aangesien die gebruik van 'n enkele frase of idee in sekere omstandighede as plagiaat beskou kan word.

(Verdere riglyne vir studente oor hoe om plagiaat te vermy, is beskikbaar in die aangehegte RIGLYNDOKUMENTE.)

4. Definisie van plagiaat

Plagiaat is 'n vorm van akademiese wangedrag. Dit behels die gebruik van iemand anders se werk en die aanbieding daarvan as u eie. Die tersaaklike afdelings van die **Tugbepalings: Studente** lees soos volg:

"1. TUGBEPALINGS: STUDENTE

1.1 OMSKRYWING VAN WANGEDRAG

'n Student is aan wangedrag skuldig en daar kan ooreenkomstig hierdie reglement met hom of haar gehandel word, indien die student ...

*1.1.4.3 binne Universiteitsverband hom of haar skuldig maak aan plagiaat of die skending van 'n persoon se outeursreg of enige ander intellektuele goederereg, insluitende maar nie beperk tot **plagiaat** nie;*

1.1.4.4 binne Universiteitsverband

...

d. plagiaat pleeg deur te verklaar of te kenne te gee dat iemand anders se geskrewe of skeppende werk (woorde, beelde, idees, opinies, ontdekkings, kunswerke, musiek, opnames, rekenaargegenereerde werk) sy of haar eie, oorspronklike werk is en/of deur sodanige werk of materiaal, in geheel of gedeeltelik, te gebruik sonder om op 'n behoorlike wyse erkenning aan die outeur te gee of verwysings te doen;

en sodanige handeling(e) tot die nadeel of potensiële nadeel van die Universiteit, sy reputasie, personeel, gaste, kontrakteurs of studente strek."



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Plagiaat is die aanbieding van iemand anders se werk, woorde, beelde, idees, opinies, ontdekkings, kunswerke, musiek, opnames of rekenaar-gegenereerde werk (insluitende digitale stroombane, rekenaarprogramme of -sagteware, webtuistes, die Internet of ander elektroniese hulpbronne), gepubliseer al dan nie, as u eie. Dit behels alternatiewelik ook die gebruik van iemand anders se werk, woorde, beelde, idees, opinies, ontdekkings, kunswerke, musiek, opnames of rekenaar-gegenereerde werk (insluitende digitale stroombane, rekenaarprogramme of -sagteware, webtuistes, die Internet of ander elektroniese hulpbronne) sonder om op 'n behoorlike wyse erkenning te gee aan die bron, met of sonder die bron se toestemming.

Die voorneme om te mislei of plagiaat te pleeg, is nie 'n vereiste vir plagiaat nie. By die Universiteit word daar eenvoudig aangeneem dat wanneer sekere elemente van plagiaat in 'n teks gevind word, dit doelbewus deur die outeur gebruik is. In die geval van parafrasering word aanvaar dat dit die outeur se bedoeling was om meer openlike plagiaat, byvoorbeeld woordelike kopiëring sonder die nodige erkenning, te verbloem. Die feit dat dit nie doelbewus gedoen is nie, kan egter in ag geneem word wanneer op 'n gepaste straf vir plagiaat in 'n bepaalde situasie besluit moet word.

Voorbeelde van wat vermy moet word:

- direkte kopiëring sonder om die bron te erken.
- vertaling sonder om die bron te erken.
- parafrasering van iemand anders se werk sonder om die bron te erken.
- die samevoeging van gedeeltes van ander mense se werk as 'n nuwe geheel.
- om doelbewus toe te laat dat 'n ander student u werk kopieer.
- om u eie of iemand anders se vorige geëvalueerde werk weer in te dien.
- samespanning ("collusion") (ongemagtigde samewerking, wanneer u werk as u eie onafhanklike werk aanbied terwyl dit in die geheel of gedeeltelik in samewerking met ander mense geskep is).
- om ander studente se werk met of sonder hul medewete af te skryf en dit as u eie aan te bied.
- spookskrywery ("ghost-writing") – moenie spookskrywers of professionele agentskappe gebruik om u werk te skep nie en moet ook nie materiaal indien wat namens u geskryf is nie.

Voorbeelde van wat gedoen behoort te word:

- dien slegs u eie oorspronklike werk in.
- dui presies en noukeurig aan wanneer u iemand anders se inligting gebruik het, dws verwysings moet ooreenkomstig 'n erkende metode geskied.
- dui aan wanneer u inligting vanaf die Internet gebruik het.
- moet nooit iemand anders se elektroniese stoormedia, kunswerke, prente of grafika gebruik asof dit u eie is nie.
- moet nooit ander studente toelaat om u werk te gebruik of dit by u te kopieer en dan as hulle eie werk aan te bied nie.
- moet nooit ander studente se werk afskryf en dit as u eie aanbied nie.

(Verwys na die aangehegte RIGLYNDOKUMENTE vir verdere inligting in hierdie verband.)



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5. Informatiewe, opvoedkundige en voorkomende meganismes

Aangesien die Universiteit 'n opvoedkundige instansie is, word sterk klem geplaas op onderrig en die evaluering van studente se kennis (dws ontmoediging en assessering deur informatiewe, opvoedkundige en voorkomende meganismes), eerder as op die identifisering van plagiaat en hantering van oortreders. Die volgende meganismes is vir hierdie doeleindes in plek:

5.1 CIL 121

Hierdie is 'n verpligte inligtinggeletterdheidsmodule wat deur alle eerstejaarstudente in die tweede semester geneem word. Etiek, plagiaat en outeursreg, verwysing en verwysingstegnieke asook die skryf van werkstukke en navorsingsverslae word breedvoerig in die module behandel.

5.2 Navorsingsmetodologie-kursusse

Elke fakulteit het sy eie kursus wat by sy eie vereistes aangepas is. Studente word tydens hierdie kursusse blootgestel aan die navorsingsproses, die beplanning wat met navorsing gepaardgaan, die metodes en tegnieke wat gebruik word om data in te samel en hoe om sodanige inligting en idees logies en sistematies in die ontwikkeling van 'n argument te integreer by die skryf van 'n wetenskaplike geskrif of verslag.

5.3 Waarskuwings om plagiaat te vermy in die publikasie *Wie, Wat, Waar?* vir studente, in studiegidse en fliksboodskappe wat verskyn sodra 'n student op die Universiteitstelsel aanteken

'n Waarskuwing ten opsigte van plagiaat/outeursreg moet in al die studiegidse verskyn, asook in die publikasie *Wie, Wat, Waar?* wat aan studente uitgedeel word. Fliksboodskappe in dié verband moet ook elke keer verskyn wanneer 'n student op die Universiteitstelsel of 'n toegewyde webtuiste aanteken. Die waarskuwing moet 'n verwysing of skakels na die Biblioteekdienste se webblad oor plagiaat bevat.

5.4 Werkstukinligtingsblad

'n Waarskuwing ten opsigte van plagiaat moet in elke werkstukinligtingsblad verskyn (sien riglyne vir dosente).

5.5 Verklaring van Oorspronklikheid moet elke werkstuk vergesel

Elke werkstuk of navorsingskomponent wat 'n student indien, moet vergesel word van 'n dokument waarin hy/sy verklaar dat die betrokke werkstuk of navorsing sy/haar eie werk is.

5.6 Bewusmakingsveldtogte

Bewusmakingsveldtogte wat onder andere met die verwelkoming van eerstejaarstudente saamval, moet jaarliks aangebied word.



5.7 **Biblioteekdienste se weeklikse kursusse**

Studente word tydens hierdie kursusse die nodige vaardighede vir akademiese skryfkuns, aanhaling en verwysing geleer.

5.8 **Biblioteekdienste se webblad**

Die Departement Biblioteekdienste se webblad bevat 'n aanlyn-tutoriaal en -selftoets oor hoe om plagiaat te vermy.

5.9 **Plagiaatopsporingsagteware (Turnitin)**

Die Universiteit van Pretoria maak gebruik van Turnitin – elektroniese plagiaatopsporingsagteware wat deur honderde internasionale en nasionale hoër onderwysinstellings gebruik word om plagiaat te identifiseer.

Die sagteware is heeltemal webgebaseerd en is as 'n geïntegreerde funksie binne clickUP geïmplementeer. Daar is verskillende maniere waarop die *Turnitin Assignment Tool* gebruik kan word sodra dit via 'n clickUP-module geaktiveer word. Direkte toegang tot die Turnitin-sagteware op die Internet is ook moontlik. Die Departement vir Onderwysinnovasie bied ondersteuning aan dosente wat betref toegang tot en gebruik van die sagteware.

Ingediende werkstukke word onder andere as bronmateriaal gebruik om moontlike plagiaat te identifiseer. Werkstukke word ook vergelyk met "huidige en geargiveerde werkstukke op die Internet, miljoene studentewerkstukke wat voorheen ingedien is by wyse van Turnitin, asook kommersiële databasisse van artikels in joernale en vaktydskrifte".¹ Die ingediende werkstukke van studente aan die Universiteit van Pretoria dra by tot die uitbreiding van die Turnitin-databasis waarby al die ander deelnemende instellings weer kan baat (toenemende gebruik vergroot die basis vir bewyse).

Die stelsel skep "oorspronklikheidsverslae" oor ingediende werkstukke. Die 2008 *Turnitin Instructor Handbook*² bevat 'n waarskuwing in Hoofstuk 2 dat die "inhoudsopgawes [van die oorspronklikheidsverslae] nie Turnitin se assessering van of 'n werkstuk geplagieer is al dan nie, weerspieël nie. Oorspronklikheidsverslae is slegs 'n hulpmiddel om die instrukteur bronne te help vind wat soortgelyke teks bevat as werkstukke wat ingedien is. Die besluit dat 'n werkstuk geplagieer is, moet met groot omsigtigheid geneem word en slegs nadat 'n diepgaande ondersoek van die ingediende werkstuk sowel as die moontlike bron van plagiaat gedoen is. Dit moet uitgevoer word in ooreenstemming met die standaard van die klas en instelling waar die werkstuk ingedien is".

(Verwys na die aangehegte TURNITIN-RIGLYNDOKUMENT vir meer inligting.)

¹ Vertaal vanuit die Engels: <http://www.turnitin.com/static/plagiarism.html>

² Vertaal vanuit die Engels: <http://www.turnitin.com/static/training.html>



5.10 Dosentopleiding – prioriteitskursusse

Daar sal van dosente verwag word om 'n eenmalige opleidingsessie van twee ure by te woon oor hoe om plagiaat te voorkom en dit op 'n regverdigte wyse te hanteer. Gevallestudies sal tydens die opleidingsessie gebruik word.

5.11 Straf

Fakulteite het die reg om alle insidente, behalwe die mees ernstige gevalle, in ooreenstemming met die riglyne te beoordeel en straf toe te pas.

Die doel is om plagiaat op 'n regverdigte, deursigtige en konsekwente wyse te hanteer (sien Plagiaatstrafskaal). 'n Dosent mag nie plagiaat ignoreer omdat optrede sy/haar administratiewe werkslading kan vergroot nie.

Aantying is nie dieselfde as om bewyse van die insident te hê nie. 'n Student wat van plagiaat verdink word, moet skriftelik deur die nasiener in kennis gestel word en 'n kans gegun word om die aantying persoonlik te ontken. Indien die student skuld erken, moet die nasiener 'n straf in ooreenstemming met die Plagiaatstrafskaal voorstel (**verwys asseblief na die aangehegte Plagiaatstrafskaal**), en 'n nota van die insident moet op die student se rekord aangebring word. As die student ontken dat hy/sy plagiaat gepleeg het, of die graad van ernstigheid betwis, moet die dissiplinêre ondersoekroete gevolg word.

Let wel:

- Die Plagiaatstrafskaal is op alle werk van toepassing wat vir assessering ingedien word.
- 'n Belangrike maatstaf vir die beoordeling van die ernstigheidsgraad is "hoeveelheid". Die algemene beginsel is egter dat die straf gepas moet wees vir die ernstigheidsgraad van die insident.
- Die hoeveelheid is die *onafhanklike professionele oordeel van die dosent* en nie die Turnitin-persentasie nie.

Wanneer 'n insident ondersoek word, is die volgende van groot belang:

- die impak wat die geplageerde inhoud op die assessering van die ingediende werk het
- die mate van of hoeveelheid plagiaat in die ingediende werk
- die student se jaar en vlak
- die student se agtergrond
- of die student gebruik gemaak het van enige van die geleenthede wat die Universiteit bied om studente se begrip van plagiaat te verbeter
- of die student skuldig is aan vorige insidente van plagiaat (verwys na die Plagiaatregister)
- enige ooglopende bedoeling deur die student om oneerlik te wees



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.12 Plagiaatregister

Die Universiteit hou 'n Plagiaatregister om oortreders te monitor en te verseker dat strawwe konsekwent toegepas word. Die Plagiaatregister maak dit ook moontlik om 'n oorsig van die omvang van plagiaat binne die Universiteit te kry.

Studente moet weet dat strafmaatreëls ernstig genoeg kan wees om hul akademiese vordering te beïnvloed. In uiterste gevalle kan straf selfs beteken dat studente geskors word of nie kan gradueer nie.

Dosente moet die Vorm vir die Aanmeld van Plagiaatinsidente (verwys na bladsy 28) voltooi ten einde alle bewese gevalle van plagiaat by die Regsafdeling aan te meld. Die dosent gebruik die inligting rakende vorige gevalle van plagiaat wat deur die student op die vorm verskaf word, om die gepaste straf en/of proses in ooreenstemming met die Plagiaatstrafskaal te bepaal. Die Regsafdeling kontroleer die inligting soos deur die student verskaf, nadat die vorm deur die betrokke dosent ingedien is. Indien die Regsafdeling tevrede is dat die inligting rakende vorige insidente wat deur die student verskaf is, korrek is, sal die Regsafdeling die insident en straf by wyse van 'n skrywe aan die student bevestig. Indien die Regsafdeling egter nie tevrede is met die inligting soos deur die student verskaf nie, sal dit voortgaan met dissiplinêre stappe teen die student.

Alle gevalle van plagiaat wat 'n student erken of waaraan hy/sy op 'n oorwig van waarskynlikheid deur die Komitee vir Dissipline (Studente) skuldig bevind word, sal in die Register aangeteken word. Die Register word deur die Regsafdeling behartig en slegs dié kantoor het toegang tot die Register.

'n Nota van alle aantygings, die uitkoms en die straf in alle gevalle van plagiaat moet op die student se rekord aangebring word. Hierdie inligting mag deur die Universiteit gebruik word wanneer dit versoek word om 'n verwysing vir die student te verskaf.



PLAGIAATSTRAFSKAAL

ERNSTIGHEIDSGRAAD	1 ^{ste} JAAR*, 1 ^{ste} INSIDENT	1 ^{ste} JAAR*, 2 ^{de} INSIDENT	ANDER VOORGRAADS, 1 ^{ste} INSIDENT	ANDER VOORGRAADS, 2 ^{de} INSIDENT	3 ^{de} OF VERDERE INSIDENT (1 ^{ste} jaar* en ander voorraads)	NAGRAADS
ERNSTIG (Meer as 20% van die teks gekopieer)	• Kanselling van punt	• Kanselling van punt	• Kanselling van punt	• Dissiplinêre ondersoek	• Dissiplinêre ondersoek	• Dissiplinêre ondersoek
	• Geleentheid om weer in te dien, die hoogste punt wat toegeken mag word is 50%	• Geen geleentheid om weer in te dien nie	• Geen geleentheid om weer in te dien nie			
	• Nota op student se rekord	• Nota op student se rekord	• Nota op student se rekord			
	• Student moet biblioteekopleiding bywoon		• Student moet biblioteekopleiding bywoon			
MATIG (Meer as 10%, maar minder as 20% van die teks gekopieer)	• Kanselling van punt	• Kanselling van punt	• Kanselling van punt	• Dissiplinêre ondersoek	• Dissiplinêre ondersoek	• Dissiplinêre ondersoek
	• Geleentheid om weer in te dien, die hoogste punt wat toegeken mag word is 50%	• Geen geleentheid om weer in te dien nie	• Geleentheid om weer in te dien, die hoogste punt wat toegeken mag word is 50%			
	• Nota op student se rekord	• Nota op student se rekord	• Nota op student se rekord			
	• Student moet biblioteekoplei- ding bywoon		• Student moet biblioteekopleiding bywoon			
GERING (Minder as 10% van die teks gekopieer)	• Waarskuwing (punte moet afgetrek word)	• Kanselling van punt	• Waarskuwing (punte moet afgetrek word)	• Dissiplinêre ondersoek	• Dissiplinêre ondersoek	• Dissiplinêre ondersoek
		• Geleentheid om weer in te dien, die hoogste punt wat toegeken mag word is 50%				
	• Nota op student se rekord	• Nota op student se rekord	• Nota op student se rekord			
	• Student moet biblioteekopleiding bywoon		• Student moet biblioteekopleiding bywoon			

Dissiplinêre ondersoek = sien bladsy 12, paragraaf 2.3.

*1^{ste} jaarstudent beteken 'n student wat vir die eerste keer tersiêre onderrig ontvang.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Waarskuwing – Ongekontroleerd wanneer gedruk! Kontak dokument eienaar vir die jongste weergawe.

RIGLYNDOKUMENT 1: GEBRUIK VAN TURNITIN AAN UP

Die volgende dien as inleidende riglyndokument en bevat inligting wat die Werkgroep vir Plagiaatvoorkoming as van algemene belang beskou. Hierdie Werkgroep het opdrag ontvang om die bestaande beleid te ondersoek en oplossings of wysigings voor te stel waar nodig.

1. Die Universiteit van Pretoria maak gebruik van Turnitin – elektroniese plagiaatopsporingsagteware wat deur honderde internasionale en nasionale hoëronderrysinstellings gebruik word om plagiaat te identifiseer.
2. Die sagteware is heeltemal webgebaseerd en is as 'n geïntegreerde funksie binne clickUP geïmplementeer. Daar is verskillende maniere waarop die *Turnitin Assignment Tool* gebruik kan word wanneer dit via 'n clickUP-module geaktiveer word. Direkte toegang tot die Turnitin-sagteware op die Internet is ook moontlik. Die Departement vir Onderwysinnovasie bied ondersteuning aan dosente ten opsigte van die toegang tot en gebruik van die sagteware.
3. Ingediende werkstukke word onder andere as bronmateriaal gebruik om moontlike plagiaat te identifiseer. Die ingediende werkstukke van studente aan die Universiteit van Pretoria dra by tot die uitbreiding van die Turnitin-databasis waarby al die ander deelnemende instellings weer kan baat (toenemende gebruik vergroot die basis vir bewyse).
4. Die stelsel skep "oorspronklikheidsverslae" oor ingediende werkstukke. Volgens Turnitin se lisensie-ooreenkoms is dit "die dosente se verantwoordelikheid om hul onafhanklike professionele oordeel te gebruik, en om eie en uitsluitlike verantwoordelikheid te aanvaar wanneer bepaal word of plagiaat werklik in 'n ingediende werkstuk bestaan, met dien verstande dat die Oorspronklikheidsverslae slegs as 'n hulpmiddel dien om ooreenkomste in tekste te identifiseer en nie om die uitsluitlike bestaan van plagiaat vas te stel nie".³
5. Alle nagraadse proefskrifte, verhandelings en miniverhandelings moet teenoor die Turnitin-databasis **geëvalueer word**. Dit kan óf deur die studieleier óf die student ingedien word. Die oorspronklikheidsverslae moet saam met die proefskrifte, verhandelings of miniverhandelings aan die eksaminatore voorgelê word.
6. In die geval van evaluering van formele voorgraadse werkstukke, word dosente sterk aangeraai om studente toe te laat om self hul werk in te dien en die oorspronklikheidsverslae te ontvang, aangesien dit waardevolle leergeleenthede aan studente sal bied.

³ Vertaal vanuit die Engels: <http://www.turnitin.com>



RIGLYNDOKUMENT 2: DIE ROL VAN DOSENTE⁴

1. Die rol van dosente in die voorkoming van plagiaat

- 1.1 Wanneer beweerde plagiaat ondersoek word, voer studente dikwels aan dat hulle nie geweet het wat toelaatbaar is nie, en dat hulle nie die erns van die oortreding besef het nie.
- 1.2 Deur in ooreenstemming met die riglyne op te tree, vervul die dosent 'n baie belangrike rol in die bewusmakingsproses in hierdie opsig; die dissiplinêre proses word vereenvoudig en dosente word tot 'n groot mate beskerm.
- 1.3 Plaas 'n outeursreg-/plagiaatwaarskuwing in studiehandleidings. Meld dat hierdie oortreding tot skorsing uit die Universiteit mag lei en verwys studente na inligtingstukke wat in hierdie verband beskikbaar is.
- 1.4 Bespreek die aangeleentheid in die klas aan die begin van elke nuwe kwartaal. Die volgende aspekte is van belang:
 - Beklemtoon die waardestelsel en akademiese integriteit van die Universiteit en moedig studente aan om ongerymdhede onder dosente se aandag te bring.
 - Maak dit duidelik dat studente hul eie werk moet doen en dit op die voorgeskrewe wyse indien. Die gebruik en indiening van werk wat deur iemand anders in dieselfde of 'n ander kursus gedoen is, is ontoelaatbaar.
 - Bespreek plagiaat, wat dit beteken en wat aanvaarbaar is, asook die reëls van toepassing op aanhalings en verwysings. Daar moet veral klem gelê word op webtuistes en ander elektroniese bronne.
 - Verduidelik die reëls ten opsigte van besprekings, samewerking en hulpverlening aan ander studente. Dit is belangrik dat studente weet wat die dosent se verwagtinge is en wat toelaatbaar is.
 - Verduidelik die erns van die oortreding en meld die feit dat studente uit die Universiteit geskors is as gevolg van plagiaat.
- 1.5 Maak seker dat elke student sy/haar werkstuk of navorsing saam met 'n ondertekende Verklaring van Oorspronklikheid inhandig. Hierdie dokument bevat 'n verklaring deur die student dat hy/sy die inhoud van die dokument gelees het, dit verstaan, en dat die betrokke werkstuk of navorsing sy/haar eie werk is.
- 1.6 Indien dit blyk dat 'n student dalk plagiaat gepleeg het, moet die dosent die volgende stappe neem:

⁴ Die riglyne is opgestel deur die Werkgroep vir Plagiaatvoorkoming tydens werksessies wat in 2008 gehou is.



2. Die rol van die dosent wanneer plagiaat vermoed word

2.1 Onderzoek

- Belê 'n vergadering met die student.
- Bespreek u vermoedens asook u bewyse met die student.
- Vra die student vir sy/haar weergawe van die aangeleentheid.
- Indien u tevrede is dat geen oortreding plaasgevind het nie, kan die student verskoon word en die saak kan dus as afgehandel beskou word.
- Indien u vermoedens egter bevestig word, kan die aangeleentheid binne u eie departement afgehandel word of na die Regsafdeling verwys word ingevolge die Plagiaatstrafskaal.

2.2 Die hantering van 'n aanklag binne die departement

- 2.2.1 Ten opsigte van voorgraadse studente, kan die aangeleentheid binne die departement afgehandel word indien **al** die onderstaande van toepassing is:
- dit 'n eerstejaarstudent se eerste of tweede oortreding van die aard is, of die eerste oortreding van enige ander voorgraadse student.
 - die student die oortreding erken.
 - die student aanvaar dat die saak ingevolge die Plagiaatstrafskaal afgehandel is.

Die vorm vir die aanmelding van plagiaatinsidente (verwys na bladsy 28) moet voltooi word en by die Regsafdeling ingedien word.

2.3 Verwysing na die Regsafdeling

- 2.3.1 Die aangeleentheid word na die Regsafdeling verwys vir 'n dissiplinêre ondersoek indien **enige** van die onderstaande van toepassing is:
- dit 'n eerstejaarstudent se derde, of enige ander voorgraadse student se tweede of verdere oortreding van die aard is.
 - dit 'n nagraadse student is.
 - die student die oortreding ontken.
 - die student nie aanvaar dat die saak ingevolge die Plagiaatstrafskaal afgehandel is nie.

LET ASSEBLIEF DAAROP DAT ANDER ONEERLIKE OF BEDRIEGLIKE AKTIWITEITE OF KULLERY AFSONDERLIK ONDER DIE DISSIPLINÊRE KODE: STUDENTE HANTEER WORD.

- 2.3.2 Die aangeleentheid word na die Regsafdeling verwys by wyse van 'n geskrewe verklaring en verslag oor die voorval, asook skriftelike verklarings van enigiemand wat in die verband kan getuig. Die student moet die geleentheid gegun word om sy/haar kant van die saak te stel. Indien 'n student verkies om nie 'n skriftelike verklaring af te lê nie, moet hy/sy dit skriftelik bevestig. Die skriftelike



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verklaring/bevestiging moet die student se handtekening, asook studentenommer en kontakbesonderhede bevat.

2.3.3 Alle dokumentêre bewysstukke en verklarings moet via die departementshoof en dekaan by die Regsafdeling ingedien word.

2.3.4 Die punte vir die betrokke werkstuk of navorsing moet teruggehou word tot verdere kennisgewing deur die Regsafdeling.

3. Die dissiplinêre verhoor

3.1 Indien die Registrateur van mening is dat daar redelike gronde vir 'n aanklag van wangedrag teen 'n student bestaan, formuleer hy 'n skriftelike klag wat aan die student gestuur word en waarin hy/sy na 'n verhoor ontbied word.

3.2 Dosente en ander getuies wat by die verhoor benodig mag word, sal dienoreenkomstig verwittig word.

3.3 Afskrifte van die dokumente wat die aanklag en opgelegde strafmaatreël bevat, sal aan die dekaan en departementshoof gestuur word.

4. Strafmaatreëls

4.1 Indien 'n student deur die Komitee onskuldig bevind word, behou hy/sy die punt wat daarna deur die dosent beskikbaar gestel sal word.

4.2 Indien die student skuldig bevind word, sal die Komitee op 'n gepaste strafmaatreël besluit. Indien die student ontnem word van die krediete vir die vak of werkstuk waarin die oortreding begaan is, verbeur die student die punt.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

RIGLYNDOKUMENT 3: ADDISIONELE VOORBEELDE VAN/SOORTE PLAGIAAT EN ANDER AKADEMIESE WANGEDRAG

1. ALGEMENE OPMERKINGS⁵

’n Mens pleeg plagiaat as jy iemand anders se idees – gepubliseer of ongepubliseer – aanbied asof dit jou eie is. Mense se idees kan in die volgende vervat word:

- **Geskrewe teks**
Artikels in joernale, boeke, verhandelings, proefskrifte, koerante, tydskrifte, notas, kursusmateriaal, medestudente se projekte, e-posboodskappe, data, rekenaarkode, alles op die Internet, ens
- **Visuele teks**
Boeke oor beeldende kuns, grafiese kuns, foto’s, ens
- **Multimediaprodukte**
Webtuistes, videoproduksies, films, CD’s en DVD’s, ontwerpprojekte, ens
- **Musiek**
Komposisies, lirieke, CD’s en DVD’s, musiek of klankgrepe op die Internet, ens
- **Gesproke teks**
Toesprake, klankopnames, lesings, onderhoude, ens

Om die woorde van ’n oorspronklike bron te verander, is *nie* voldoende om plagiaat te voorkom nie. Indien u die hoofidee van ’n oorspronklike bron behou het sonder om daarna te verwys, maak dit nie saak hoe drasties u die konteks of aanbieding verander het nie, *dit bly plagiaat*.

“Verwysing” voorsien die nodige inligting om daardie bron weer te vind, insluitende:

- inligting oor die outeur
- die titel van die bron
- die naam en ligging van die maatskappy wat die bron gepubliseer het
- die datum waarop die bron gepubliseer is
- die bladsynommers van die materiaal wat u gebruik het.

⁵ Die opmerkings is saamgestel deur die Werkgroep vir Plagiaatvoorkoming tydens werksessies wat in 2008 gehou is.



2. SOORTE PLAGIAAT

Neem kennis:

Die volgende inligting oor die soorte plagiaat is deur Turnitin.com en Research Resources voorsien. Turnitin laat die gratis verspreiding en gebruik van hierdie dokument sonder winsmotief in opvoedkundige omgewings toe.⁶

"Anyone who has written or graded a paper knows that plagiarism is not always a black-and-white issue. The boundary between plagiarism and research is often unclear. Learning to recognise the various forms of plagiarism, especially the more ambiguous ones, is an important step in the fight to prevent it.

I. Sources not cited

- 1) 'The Ghost Writer'
The writer turns in another's work, word-for-word, as his/her own.
- 2) 'The Photocopy'
The writer copies significant portions of text straight from a single source, without alteration.
- 3) 'The Potluck Paper'
The writer tries to disguise plagiarism by copying from several different sources, tweaking the sentences to make them fit together while retaining most of the original phrasing.
- 4) 'The Poor Disguise'
Although the writer has retained the essential content of the source, he/she has altered the paper's appearance slightly by changing key words and phrases.
- 5) 'The Labo[u]r of Laziness'
The writer takes the time to paraphrase most of the paper from other sources and makes it all fit together, instead of spending the same effort on original work.
- 6) 'The Self-Stealer'
The writer 'borrows' generously from his/her previous work, violating policies concerning the expectation of originality adopted by most academic institutions.

⁶ http://www.plagiarism.org/resources/documentation/plagiarism/learning/types_of_plagiarism.doc



II. Sources cited (but still plagiarised!)

- 1) 'The Forgotten Footnote'
The writer mentions an author's name for a source, but neglects to include specific information on the location of the material referenced. This often masks other forms of plagiarism by obscuring source locations.
- 2) 'The Misinformer'
The writer provides inaccurate information regarding the sources, making it impossible to find them.
- 3) 'The Too-Perfect Paraphrase'
The writer properly cites a source, but neglects to put in quotation marks text that has been copied word-for-word, or close to it. Although attributing the basic ideas to the source, the writer is falsely claiming original presentation and interpretation of the information.
- 4) 'The Resourceful Citer'
The writer properly cites all sources, paraphrasing and using quotations appropriately. The catch? The paper contains almost no original work! It is sometimes difficult to spot this form of plagiarism because it looks like any other well-researched document.
- 5) 'The Perfect Crime'
Well, we all know it doesn't exist. In this case, the writer properly quotes and cites sources in some places, but goes on to paraphrase other arguments from those sources without citation. This way, the writer tries to pass off the paraphrased material as his/her own analysis of the cited material."



RIGLYNDOKUMENT 4: (STUDENTE) HOE OM PLAGIAAT TE VERMY⁷

In akademiese skryfwerk, byvoorbeeld werkstukke, verhandelings, proefskrifte, navorsingsartikels en verslae, is dit standaardpraktyk om 'n oorsig van die huidige kennis oor 'n onderwerp te gee en bewyse te lewer ter staving van u standpunte. Hierdie idees sal die grondslag vir u eie argumente vorm en sal op die volgende wyse by u eie werk geïntegreer word

- aanhaling (om die presiese woorde van iemand anders te gebruik);
- parafrasing (om iemand anders se idees in u eie woorde te stel);
- opsomming (om die hoofpunte van iemand anders se idees te gebruik); en
- vertaling van die oorspronklike teks en die opsomming of parafrasing daarvan.

Indien u nie behoorlike erkenning aan hierdie idees gee nie, beteken dit dat u:

- nog nie die nodige verwysingstegnieke bemeester het nie – dit kan met behulp van u dosente en die riglyne wat ons voorsien, aangeleer word; of
- toegegee het aan kullery, wat afgeleer moet word omdat dit neerkom op kriminele gedrag.

